

Vrugbaar, gehard en aanpasbaar



BO: Mnr. Ben (links) en Colin Raath.

LINKS: Die Elite-koei ADM 060051 en haar agtste kalf.

Die Tuli is 'n "pasmaak-boerbees", was 'n Karooboer se antwoord in sy soeke na oplossings vir veediefstal en roofdiere.

PLAASINLIGTING

LIGGING: Britstown, Noord-Kaap

NAAM: Donkerhoek

EIENAARSKAP:
Donkerhoek-boerderytrust

VERTAKKINGS: Tuli-stoetery met 300 geregistreerde diere, 1200 kommersiële Merino-ooie, voerbank, papegaai-boerdery

GRONDTIPE: Karooagtige ranteveld, voorskootveld en leegtes

VELDTIPE: Karoo-bossieveld, ganna en struik met grassoorte, soos buffels-, boesman-, swart engel-, smutsvinger- en rooigras

GEMIDDELDE REËNVAL: 225 mm per jaar



ELITEKOEI-INLIGTING

ID	ADM 060051
Geboortedatum	09/10/2006
¹ OEK (maande)	36,5
² TKP (dae)	364
Getal kalwers	8
Teelwaarde-indeks vir geboorte (direk)	104
Teelwaarde-indeks vir geboorte (maternaal)	106
Teelwaarde-indeks vir speen (direk)	114
Teelwaarde-indeks vir speen (maternaal)	115
Koeiwaarde-seleksie-indeks	132
Gem. speenindeks	109

¹OEK: Ouderdom met eerste kalf
²TKP: Tussenkalfperiode

Mnr. Ben Raath van die plaas Donkerhoek in die distrik Britstown het nege jaar gelede besef as hy sy boerdery op die familieplaas volhoubaar wil maak, moet hy 'n beesfaktor insluit.

"My plan om die Tuli te vestig, het die wenkbroue laat lig omdat die plaas in 'n erkende skaapproduksiegebied val."

Die aanwysing van die koei ADM 060051 uit die Tuli-stoetery Donkerhoek as die ras se Elite-Platinumkoei vir 2017 span die kroon op die afgelope jare se beesteel, veral as in ag geneem word dat dit 'n uitsonderlik droë jaar in die Karoo was.

Die eienskappe van Donkerhoek se Elite-koei strook met dié van die Tuli as 'n suiwer inheemse ras wat deur die natuur vir gehardheid, aanpasbaarheid en weerstand teen in- en uitwendige parasiete en siektes geselekteer is. ADM 060051 is poenskop, hoogs

vrugbaar en verseker 'n goeie speenkalf danksy 'n perfekte uier en spene, met baie melk. Dié koei het uitstaande teelwaardes, om net 'n paar indekswaardes te noem (100 is die rasgemiddelde): TKP 133, vrugbaarheid 135, koeiwaarde 132, produksiewaarde 125, groeiwaarde 114 en melkwaarde 115.

"Ons is ook gelukkig om haar halfsuster ADM 050042 te besit, *Landbouweekblad* se platinum-Elite-koei vir 2015. Soos die Nieu-Seelandse beeskenner Ian Walsh sê: *'It runs in the family,'*" sê Ben.

FUNKSIONEEL DOELTREFFEND

In 2012 het Ben en sy broer, Colin, 'n sake-man en boer van Cradock, kragte saamge-snoer nadat Ben nog huurgrond bekom het. Colin het ook grond in Tarkastad gekoop en die stoetery is na die Oos-Kaap uitgebrei.

"Ons vorm 'n gedugte span. Ons teelbeleid is om funksioneel doeltreffende diere te teel, wat vrugbaar, gehard en in uiterste toestan-

de aangepas is," sê Ben. Diere wat nie hul kondisie behou nie, word geslag.

Die broers se samewerking beteken dat die Donkerhoek-Tuli's tegelykertyd in die Oos- en Noord-Kaap bemark kan word.

Hul Elite-koei is een van 'n groep wat in 2013 op die algehele uitverkoping van Great Karoo-Tuli's aangekoop is. Sy is geteel deur mnr. Dave Mullins van Avondale-stoetery. ADM 060051 is in Oktober 11 jaar oud. Sy het agt 8 kalwers met 'n TKP van 364 dae.

Die gemiddelde speengewig van haar kalwers is 219 kg. Al haar kalwers was verse.

VEELBEKROONDE STOETERY

Die Raath-broers en vyf ander telers het 'n produksiegroep gevorm wat jaarliks 'n Go West-veiling in die derde week van Oktober by GWK in Kimberley aanbied. Ben is die organiseerder.

Jaarliks word sowat 32 bulle en 120 vroulike diere uit dié groot genepool aangebied. Vanjaar vind die veiling op 19 Oktober plaas.

Bulle van die Donkerhoek-stoetery het op al die produksieveilings tot dusver die hoogste prys behaal. Verlede jaar is 'n Donkerhoekbul teen R42 000 verkoop met die veilinggemiddelde vir bulle R30 357, dragtige koeie R8 980 en nie-dragtige verse R8 727.

Ben dien al verskeie jare as raadslid van die Suid-Afrikaanse Tultelersvereniging en is tans ondervoorsitter.

Hierdie jong stoetery het in 2015 en in 2016 silwer-eerbewyse van Vleissentraal en SA Stamboek in die Elite-vleisbeesteler van die Jaar-kompetisie verwerf, asook die vierde plek in 2016 se kompetisie vir kuddevrugbaarheid behaal. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Ben Raath, e-pos: braath@isat.co.za; sel 083 468 6176; mnr. Colin Raath, e-pos: info@petbirds.com; sel 082 320 2863; webwerf: www.donkerhoektulic.co.za.